VRYSTAAT & NOORD-KAAP

NUUSBRIEF

NOVEMBER 2008

Die 2008 Algemene Jaarvergaderings van die vyf Takke in die Streek is afgehandel en die Bestuur sien as volg daaruit:

TAK	VOORSITTER	ONDER-VOORSITTER
Oos-Vrystaat	Pieter Hattingh	Danie de Wet
Bloemfontein	Gert Bezuidenhout	Gert van der Walt
Noord-Kaap	Andre Durand	Hennie van Zyl
Gordonia	Philip Coreejes	Britt Betteridge

Die ampsdraers in die Noord-Vrystaat sal tydens die eerste Takvergadering in 2009 verkies en met ’n latere nuusbrief bekend gemaak word. Ons gelukwense aan die verkose Lede met ’n pleidooi om met die uwe oor sake van gemeenskaplike belang in verbinding te tree. My hartlike dank teenoor ons huidige Streeksvoorsiter, Mnr. Cliffy Davis van Welkom, wie drie van die vergaderings dan ook bygewoon het. Op voorstel van Mnr. Davis het die Bestuur van die onderskeie Takke onderneem om Lede se kwellinge, aangaande Opleiding en Tegniese aangeleenthede, ter plaatse te hanteer. As rede hiervoor is die logistieke probleme, uniek tot die Streek se geografie, met die daarstelling van Komitees op takvlak. Ingewikkelde kwessies sal op Streekskomiteevlak hanteer word vanwaar dit na die Streeksuitvoerendekomitee, en indien nodig, op Nasionale vlak bespreek sal word. Dit staan lede egter vry om direk met my oor verwante sake in gesprek te tree indien hulle dit so sou verkies.

Henk Cloete, seun van Jurgens Cloete van Warrenton, het onlangs ernstige beenbreuke opgedoen nadat hy van ’n hoë installasie afgeval het. Ons vertrou dat Henk spoedig van sy beserings sal herstel. Freddie Meyer wie vroeër vanjaar soortgelyks beseer was se prognose op herstel is drie jaar. In gesprek met Freddie het dit aan die lig gekom dat hy nie genoegsaam vir die gebeurlikheid verseker was nie. Ons is almal terdeë bewus van die opvatting dat so iets net met my sal gebeur nie. Ek besef ons leef tans onder finansiële druk maar Lede moet tog ongeluksdekking heroorweeg en aanpas waar nodig.

Oom Schalk van Blerk, eertydse Lid van die Vereniging onder die naam BM Elektriese Werke in Upington, is gedurende Oktober oorlede. Oom Schalk se gesondheid het na die ontydige afsterwe van sy seun, Klein Schalk, vinnig agteruitgegaan. Klein Schalk was geoormerk om die Besigheid oor te neem voordat hy op die pad tussen Upington en Springbok ’n paar jaar gelede verongeluk het. Ons innige simpatie aan die familie en naasbestaandes.

Tot ’n volgende keer.

Werk en ry veilig.